

'n Nuwe era vir Kultivar Evaluasie

Beide kliënte en produsente sal bemagtig word, om ingeligte besluite te kan neem.



Dr. Iwan Labuschagne, die bestuurder van Provar, het jare se ondervinding in kultivar evaluasie. Hy het vir 18 jaar by die Landbounavorsingsraad as 'n appelteler gewerk.

Iwan Labuschagne is in 1965 op Bloemfontein gebore waar hy ook grootgeword het. Van jong af het die *Blikoor* geweet hy wou 'iets in die plantbesigheid' doen. In 1990 het hy sy hortologie-graad aan die Universiteit van die Vrystaat begin, waar hy homself verdiep het in hortologie en genetika as hoofvakke. Hy het 'n spesifieke belangstelling in die kwantifisering van genetiese variasie in plante ontwikkel, wat gevoer het tot sy M.Sc. in genetika aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy doktorsgraad met die titel: *Kwantifisering van genetiese variasie van laekoue-behoefte eienskappe in appeltelingfamilies*, het gevolg. Na voltooiing van sy graad in 2002 het Iwan by die Landbounavorsingsraad (LNR) aangesluit, waar hy vir agtien jaar as appelteler gewerk het. Hy het ook verdere bedryfsbydraes gemaak as kernvrugte-teler by Colors Fruit. Alhoewel Provar tans baie van sy tyd in beslag neem, probeer Iwan sy kreatiewe kant koester deur met olierverf te skilder en keramiekbeeldhouwerk te beoefen. Sy werke is al in verskeie kunsgalerye uitgestal en hy werk tans aan 'n opdrag vir 'n Kaapse binnehuisversieringsmaatskappy.

Met boordaanplantingskostes wat produsente meer as R300 000 per hektaar uit die sak kan jaag, moet produsente alle moontlike risiko's beperk. Provar poog om hierdie risikos te verminder deur middel van onafhanklike kultivar evaluasie.

Die onafhanklike evaluasie van nuwe kultivars en onderstamme vir die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf is van kritiese belang om risiko's vir produsente daadwerklik te verminder en só 'n gesonde en kompeterende bedryf te verseker.

Die behoefté aan 'n onafhanklike evaluasie-proses, verwyderd van ander bedryfgroepe-ringe bestaan reeds 'n geruime tyd en het tot die totstandkoming van Provar in 2013 geleid. Bedryfsorganisasies soos die Suid Afrikaanse Appel en Peer Produsente Vereniging (SAAPP), Suid Afrikaanse Steenvrug Produsente Vereniging (SASPA), Inmaakvrugte Vereniging (IPV) en Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD), ondersteun Provar om as onafhanklike kultivar- en onderstam-evaluasiadiensverskaffer vir die bedryf op te tree. (Voorheen was hierdie inisiatief as Evaluco bekend.)

Privaat Intelektuele Eiendom-eienaars, insluitend kultivartelers, bestuurders en lisensiehouers, uitvoerders en ander rolspelers, verwelkom Provar en is optimisties oor die rol wat Provar kan speel om plantmateriaal onafhanklik van ander bedryfgroepe-ringe, te ontleed. Die sagtevrugtebedryf sal tydens die aanvanklike infassering van hierdie onafhanklike evaluasieproses ('n drie jaar periode) bydraes maak en faciliteer waar nodig, maar geen inbreuk op Provar se onafhanklikheid hê.

nie. Kliënte kan intussen van Provar se dienste op 'n vrywillige 'verbruikersbetalingbasis' gebruik maak.

Provar het as dryfveer vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf die volgende diensdoelwitte:

- Objektiwiteit
- Geloofwaardigheid
- Onafhanklikheid
- Deursigtigheid
- Gestandardiseerde inligting

Provar onderneem dat alle inligting oor kultivars en onderstamme verkry sal word, na 'n strawwe data-insamelingsproses en vergelyking vanuit verteenwoordigende evaluasie-blokke. Data-insameling sal geskied op grond van wetenskaplike beginsels en protokolle wat deur spesialiste en internasionale 'beste-praktekye' onderskryf word. Hierdie 'beste-praktekye' is aangepas vir plaaslike toestande. Hierdie inligting sal die potensiaal van nuwe kultivars/ onderstamme met reeds bestaande, kommer-sielle (standaard) materiaal vergelyk.

Provar ondersteun die beginsel dat alle plantmateriaal onafhanklik geëvalueer moet word, voordat dit aan produsente beskikbaar gestel word. Hierdeur sal produsente bemagtig word om die "regte vrae" aan kultivar-eienaars en lisensiehouers te vra, veral rakende aansprake wat oor sekere plantkenmerke gemaak word. Só kan produsente duur foute vermy wanneer hulle nuwe aanplantings maak.

"Ons diens aan kliënte en aan die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf sal op integriteit, en 'n oop en geloofwaardige verhouding gebou word. En natuurlik op suwer, wetenskaplike data gegrond op deeglike kennis van elke kultivar onder evaluasie," het Dr. Iwan Labuschagne, Provar bestuurder gesê.

Provar se kantore, laboratorium en koelkamer-fasiliteit is in Zandwykpark (langs die Ou Paarl Pad, R101) buite Paarl, geleë, en sal binnekort gereed wees om kliënte vir die komende seisoen te bedien.

HORTGRO grote vereer!

In Julie vanjaar is HORTGRO se uitvoerende direkteur, **Anton Rabe**, vereer vir sy bydrae tot die landboubedryf in suidelike Afrika.

Anton is benoem vir die kategorie landbou vir die South African Development Community CEO Titans Awards. Hierdie toekennings word jaarliks gegee aan bedryfsleiers wat aan die voorpunt van hul onderskeie bedrywe staan en besondere bydraes lewer wat ander se lewens, en die bedryf, verbeter. Die toekennings, wat al die afgelope 16 jaar toegeken word, dek 23 ekonomiese sektore.

Anton is spesiaal vereer vir sy uitstaande werk in die landboubedryf. Valdi Pereira, direkteur van CEO Global, wat die glansgeleentheid aanbied, het gesê dat slegs finaliste wat bo 80% behaal het tydens die beoordelingsproses



spesiaal vereer word. Vanjaar is slegs drie uit die 23 kategorieë op so 'n wyse vereer, wat dui op hoe groot eer dit is. Anton kon ongelukkig nie self sy toekenning ontvang nie, maar Dr. Konanani Liphadzi, hoof uitvoerende beampete van FruitSA, het namens hom die glansgeleentheid bygewoon.

Anton Rabe is aangewys as finalis in die kategorie vir landbou in die Titans Awards.

HORTGRO sê:
"Baie geluk Anton.
Ons is trots op jou!"

| Waardeproposisie aan Kliënte (5 Aanbiedings) | Wie is die Begunstigdes Produsente/ Produsente Groeperings ("A") | Intellectuele Eiendom Eienaars, Telers en Uitvoerders ("B") |
|--|---|--|
| Onafhanklikheid | Geen botsing van belang met enige ander bedryfsliggaam of speler en geen direkte verbintenis met telers en eie kultivars | Geen botsing van belang met enige ander bedryfsliggaam of speler en geen direkte verbintenis met telers en eie kultivars |
| Beste in Klas Evaluerings-metodologieë (Internasionale Evalueringsprotokol) | Volledige en onafhanklik geverifieerde besluitnemingsinligting om plant risiko's van nuwe produktes (kultivars) te vermy en/of te verminder | Verhoogde betrouwbaarheid in die kwaliteit van dienste/data/inligting wat verskaf word aan kliënte |
| Kompeterende Pryse/ Koste effektiel | Verhoogde keuse van volledig (onafhanklik) geëvalueerde kultivars in spesifieke areas om duur plantfoute te verminder | Vermindering in oorhoofse koste, dit wil sê 'n verbeterde vermoë om af te skaal op interne/eie evalueringskostesentrums, te skaal op interne/eie evalueringskostesentrums, met verhoogte geloofwaardigheid van inligting aan produsente |
| Waarborgs/stempel van goedkeuring | Gemoedsrus dat die voorgestelde kultivars heel waarskynlik die verwagte en vereiste finansiële opbrengste sal lewer | Verbeterde Waardeproposisie aan kliënte (per geëvalueerde kultivar) wat voorsiening (per geëvalueerde kultivar) maak en die geleentheid bied om: <ul style="list-style-type: none"> i) verhoogde per kultivar prys (vir lisensies of tantieme) te realiseer en ii) meer bome van 'n spesifieke kultivar te verkoop |
| Risikoverligting | Gemoedsrus dat die voorgestelde kultivar heel waarskynlik die vereiste finansiële opbrengs lewer | Verbeterde reputasie en geloofwaardigheid in nuwe kultivars, naamlik beter vermoë om die nuut ontwikkelde kultivars te verkoop aan Groep A |